Bl 2. KERSBOODSKAP van die waarnemende Munisipale Bestuurder

Bl 3. GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGS-PLAN (IDP)

Bl 4. Hoogtepunte 2011
Feestyd
Noodnommers

CEDERNUUS

VOLUME # 5 | **DESEMBER 2011**

AMPTELIKE MONDSTUK VAN DIE MUNISIPALITEIT

Padkos vir die *feesseisoen!*

PSALM 90:14

SKENK ONS ELKE DAG U LIEFDE IN OORVLOED, DAT ONS ONS LEWE LANK MAG JUIG EN BLY WEES

As ons besef dat ons lewe tydelik is, sal ons ons lewe positief inrig en dankbaar wees vir wat ons het. Dit beteken om nóú, vandag, liefde, waardering, erkenning en dankbaarheid teenoor mense uit te spreek, want môre kan jy dit dalk nie doen nie.

Wanneer jy regtig volledig verstaan dat elke dag wat jy wakker word dalk die laaste kan wees wat jy het, gebruik jy die tyd van daardie dag om te groei, om te word wie jy regtig is en om na ander uit te reik.

Redaktriese
Pat Horne

CITRUSDAL

CLANWILLIAM

WUPPERTAL

GRAAFFWATER

ELANDSBAAI

LAMBERTSBAAI

Kersboodskap van die Burgemeester

Met 2011 op sy rug (by wyse van spreke) dink ek kinderlik terug aan Kaapstad in my dae. Presente word gekoop en toegedraai en winkels word toegestroom. Mense tooi hul huise op met nuwe kleure en dit word skoongemaak van hoek tot kant. Tot die keuse van musiek verander na "Jingle Bells", "Stille nag. Heilige nag" en "Mary`s boy Child".

Werksbonusse word met groot afwagting gewag en vreemde gesiggies oorval ons dorpe. Ja, dis die tyd vir familie saamtrekke en die vreugde vure brand hoog. Kerke berei hulle voor vir die Kersopvoering en as kind het ek altyd gewens die Sondagskool Juffrou gee my die rol van Josef, maar om op te tree was `n moet. Al sou dit beteken ek moes net die môrester vashou, was dit ook `n hoogtepunt.

My hart ruk en `n traan loop onwillekeurig as ek dink aan hulle wat nie het nie, die kind wat nie eers die geluk gegun word om die môrester vas te hou nie. Werkloses wat nagte wakker lê en dink wat hy/sy die Kerstyd vir sy/haar familie op die tafel gaan sit. Ja, ek dink aan die kind wat sy maaitjie se geskenk help oopmaak en self nie eers `n geskenk het nie.

Ek wil `n beroep doen op diegene wat het, om ten minste een kinderhart te verbly in die feesseisoen. Kom laat ons omgee vir ons medemens. Aan alle Geestelike leiers wil ek u beroep doen, laat ons die kerstyd nie net die tafels vir ons gemeentelede dek nie, maar ook die breë gemeenskap nooi om aan die tafel te kom sit en saam met ons die feesmaal te geniet. My mede-burgers, u hoef nie ver te gaan soek na diegene wat nie het nie. Vra uself die vraag: " Het my bure, die mense in my straat, iets om tee eet?".

Diegene wat `n geliefde aan die dood afgestaan het die afgelope jaar, aan u wil on sons innige meegevoel uitspreek en hoop die God van vrede ook vrede in jul harte sal bewerkstellig.

Aan alle feesgangers wil ons `n vriendelike waarskuwing rig dat wetstoepassingsbeamptes `n "Zero Tolerance" benadering gaan het ten opsigte van wetteloosheid en misdaad bekamping. "Don`t drink en drive, and be your brother/sister`s keeper".

Aan ons wetstoepassers, mediese beamptes, noodpersoneel en SAPS, wil ek u God`s rykste seen toewens met jul taak oor die komende feesgety.

Namens die Raad en personeel van Cederberg Munisipaliteit, wil ons u `n vreugdevolle Kersseisoen toewens en verseker dat 2012 `n jaar gaan wees van ongekende hoogtes wat bereik sal word tot voordeel van die brieër gemeenskap, maar meer spesifiek op ons arm en werklose inwoners.

Feesgroete

Uitvoerende burgemeester
Rdsl. Jonas White

Kersboodskap van die Waarnemende Munisipale Bestuurder

- LOUIS VOLSCHENK

Nou aan die einde van nog ‘n jaar wil ek van die geleentheid gebruik maak om al ons inwoners en personeel te bedank vir ‘n suksesvolle jaar.

Soos dit altyd in plaaslike regering gaan, was uitdagings baie, maar kon die Raad ondanks beperkte hulpbronne daarin slaag om sy dienskleweringsvlakke deur middel van die streekbestuursmodel te verhoog asook sy rol uit te bou as ontwikkelende munisipaliteit.

2011 was ook ‘n jaar van plaaslike regeringsverkiesings met ‘n nuwe Raad wat op 18 Mei 2011 vir Cederberg gekonstitueer is met sy hoofdoelwitte armoedeverligting en werkskepping.

Namens die Raad en personeel wil ons die gemeenskap van Cederberg ‘n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2012 toewens. Ons gebede gaan ook uit na elke lid van die gemeenskap en personeel wat vanjaar ‘n geliefde aan die dood moes afstaan of tragedie ervaar het. Wees verseker van ons geestelike onderskaging in tye van swaarkry. Graag moedig ek die gemeenskap aan om uit te reik na mekaar en mekaar te ondersteun, veral ons bejaardes, kinders, gestremdes en behoeftiges.

Mag u hierdie feesseisoen God se ware liefde en kalmte ervaar en met nuwe ywer en krag die uitdagings van 2012 kom aanpak. Geniet die feesseisoen met al u geliefdes!

Louis Volschenk
Waarnemende Munisipale Bestuurder

WYKSKOMITEES IN PLEK

WYK 1: Raadslid Johan Muller (Citrusdal Plase)
Komiteelede: Melvin Adams; Nicolas Koopman; Lena September; Petrus Brink; Katriena Barnies; Deon van Neel; Gert Bezuidenhout; Susanna Mouton; Nicolaas Koopman

WYK 2: Raadslid Julio Fransman (Citrusdal)
Komiteelede: Mzwandile Madikwa, Derick Meyer; Karen Douries; Arthur Smith; Pieter Engelbrecht; Jan Waterboer; Andreas Mouton; Corneluis Lewin; Elizabeth Da Silva; Pieter van Rooi

WYK 3: Raadslid Lorna Scheepers (Clanwilliam)
Komiteelede: Alta farmer; Darryl Ruiters; Abraham Adonis; Nicky Crosney; Wilfred Muller; Donovan Moore; Andreas April

WYK 4: Raadslid Koos Brandt (Graafwater & Elandsbaai) **Komiteelede:** Graafwater Francis Damon; Johannes v/der Westhuizen; Andries Maarman; Awie Beukes; Jimmy Barnard

WYK 5: Raadslid Danville Smit (Lambertsbaai & Leipoldtville) **Komiteelede:** Pieter Kamfer; Elize Filand; Bino Farmer; Marius Booys; Leonard Engelbrecht; Gerrit Ockhuys; Jackie Booysen; Henry Sneewe; Magda Cloete; Anna Saal

WYK 6: Raadslid William Abels (Wupperthal & Algeria) **Komiteelede:** Donavan Veloen (Grasvlei); Aubrey Mcallum (Kleinvlei); Frank Scheepers (Kleinvlei); Cindy Zass (Esselbank); Roger Witbooi (Esselbank); David Koopman (Nuweplaas); Magrieta Koopman (Nuweplaas); Alton Perrang (Prinsekraal); magrieta Alexander (Prinsekraal); Anthony Abels (Beukeskraal); Suzette Booysen (Beukeskraal); Mark Jenzil (Langbome); Mildred Veloen (langbome); Dennis Bantam (Wupperthal); Sophia Zimri (Wupperthal); Shireen van Schalkwyk (Wupperthal); Crista Resandt (Wupperthal)

WYK 1:
Raadslid Johan Muller

WYK 2:
Raadslid Julio Fransman

WYK 3:
Raadslid Lorna Scheepers

WYK 4:
Raadslid Koos Brandt

WYK 3:
Raadslid Danville Smit

WYK 4:
Raadslid William Abels

ANTI – KORRUPSIE TOLVRY NOMMER
0800 111 024

Aan die jeugdiges

INFORMELE LEERLING-LISENSIEKLASSE

Die Verkeersdepartement in samewerking met Raadslid Scheepers en Streekbestuurder Nigel Mercuur het informele leerlinglisensie opleiding aangebied vir Werklose Jeugdiges in die verskillende dorpe van Cederberg.

Klasse te Clanwilliam en Wuppertal was aangebied deur Supt. Riaan Mattys en het vanaf 03 – 14 Oktober 2011 te Clanwilliam plaasgevind en te Wupperthal op 7 – 15 Oktober 2011. Die opleiding aan die jeugdiges was `n reuse sukses. Verkeersbeampte Dawid Pedro is tans besig met die opleidings klasse te Lambertsbaai.

CEDERBERGRAAD KRY R2 MILJOEN VIR ELANDSBAAI

Die Cederberg Raad het R2 miljoen bekom vanaf Nasionale Tesourie om `n Gemeenskap projek te Elandsbaai te begin. Die Raad het besluit het om die geld in Elandsbaai te investeer, omrede dit baie arm gemeenskap is en werkloosheid hoog is. Die projek sal in 2012 afskop. Meer besonderhede oor die projek sal aan u deurgegee word.

Feesgety Kantoorure

Neem kennis dat alle administrasies kantore op 23 Desember 2011 om 12H00 sluit en weer open op 3 Januarie 2012.

U word vriendelik versoek om asseblief u rekening vroegtydig te betaal om enige teleurstellings te voorkom byvoorbeeld krag wat afgesny word.

Ere-burgerskap

Die Uitvoerende burgemeester Jonas White het op 6 Desember 2011 tydens die Raadsvergadering te Clanwilliam `n toekenning as Ere - burgerskap aan Mnr Burger oorhandig.

Mnr Burger is `n welbekende Prokureur van Citrusdal. Hy het na Citrusdal verhuis in 1956 nadat hy vanaf 1954 tot Junie 1956 in Clanwilliam gepraktiseer het vir Sybrand Smit Prokureurs. Mnr Burger het op 1 Julie 1956 sy eie praktyk by sy woning begin en daar vandaan suksesvol uitgebrei.

Mnr Burger is `n oud Raadslid van die destydse Citrusdal Munisipale Raad, sowel as die Weskus Distrik Munisipaliteit. In beide rade het hy die posisie van Voorsitter / Burgemeester beklee.

Voorsitter van Weskus Distriksraad: 1999 - 2000
Burgemeester van Citrusdal Munisipaliteit: 1995 - 1998
As `n regsverteenwoordiger het hy hom onderskei as iemand wat met alles in sy vermoë geveg het teen onregverdige en diskriminerende optrede teenoor die voorheen benadeeldes. Hy het hom onderskei as `n vegter van die mense.

Alle sterkte & sukses word homself en sy familie toegewens.

Kennisgewing:

Neem asseblief kennis dat indien die buite kragpunte in Clanwilliam Administrasie buite werking is, die kantoor op die volgende tye oop sal wees vir kragverkope aan die publiek. Sorg dat u genoeg krag (krediete)beskikbaar het op die kragboks.

DAG	VAN	TOT
Maandag tot Vrydag	18:00	20:00
Saterdag	09:00	11:00
Saterdag	14:00	16:00
Sondag	09:00	11:00
Sondag	14:00	16:00

GEINTEGREERDE ONTWIKKELINGS PLAN

2012 – 2017:

Vir 'n Verbeterde Lewe

Strategiese Bestuurder Edward Cloete

Volgens die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) moet alle munisipaliteite 'n geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning proses volg om 'n GOP te ontwikkel. Die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) maak daarvoor voorsiening dat die GOP jaarliks hersien word. Die hersiene GOP 2011/12 is die 4de sedert die goedkeuring van die GOP in September 2007.

Die visie van Cederberg Munisipaliteit is die volgende: 'n Visionêre munisipaliteit wat werk vir jou. Die waardes van die organisasie is die volgende:

- Kliënte fokus;
- Deelnemendheid / Spanbou;
- Dissipline;
- Stiptelikheid;
- Waardigheid en Respek;
- Prestasiegerig / Erkenning;
- Opleiding en Ontwikkeling;
- Verantwoordelikheid;
- Gelykheid; en
- Vertroue.

Met die verkiesing van die nuwe Raad op 18 Mei 2011, sal die visie en waardes egter hersien word.

Fokus areas wat deur die Raad en Administrasie hoog as prioriteit gestel word vir die 2011/12 boekjaar is as volg:

- Algemene Kommunikasie;
- Kliëntediens & Telefoonstelsel;
- Voorkoms van munisipale kantore & Sekuriteit;
- Opleiding van personeel;
- Hersiening van Organogram & aanstelling van personeel;
- Gebruik van amptelike voertuie;
- Onderhoud & munisipale dienste;
- Openbare Werke Program (EPWP);
- Infrastruktuur & Behuising;
- Kredietbeheer;
- Portefeulje Komitees & Raadsvergadering;
- Beleide; en
- Inligtingsforum.

Cederberg se publieke deelname prosess was as volg, vir die opstel van die hersiene GOP 2011/12.

- Registrasie van wyk prioriteite (Oktober 2010), en konsultasie sessies rakende die konsep begroting en IDP (Maart 2011) was gehou in al die verskillende wyke:

Wyk 1 & 2 Citrusdal

Insette:
- Ontwikkeling van plaaswerkers;
- Beurse/befondsing vir matrikulante vir naskoolse opleiding;
- Opleiding aan entrepreneurs om tenders te verkry
- Behuising –
- Oordragkoste bespoedig word;
- Formele behuising gebou word;
- Rioolwerke as prioriteit gestel word;
- Swembad bou vir ontspanning
- Afdak by Kliniek vir All Pay dae;
- Agterplaas bewoners te akkommodeer by EHP Jaagvlei/Sandkamp;
- Opknapping van begrafplaas; en
- Skoonmaak van vullis stortingsterrein.

Wyk 3 Clanwilliam

Insette:
- Aanbring van spreiligte en straatligte;
- Skoonmaak van straatligte;
- Opgradering van parke te Jakaranda straat;
- Aanstel van toesighouer by die parkie te Jakaranda straat;
- Aanbring van spoedwalle te Jakarandastraat;
- Verskuiwing van die Taxi rank; en
- Verlaging van water tariewe.

Wyk 4 Graafwater & Elandsbaai

Insette:
- Randstene te Lambrechtsingel;
- Plaveisel – Eikestraat, Dennestraat, Olienhoutstraat, Peperstraat en Erasmus van Zylstraat;
- Aanbring van stormwaterpype – Akasiastraat en Oelofbergstraat; en
- Pre-paid watermeters.

Insette:
- Plaveisel vir die volgende strate: Heinemanstraat, van Zylstraat en Strand straat;
- Herseël van strate: Korporasiestraat, Buitekantstraat, St. Peterstraat en Engelstraat;
- Spoedwalle vir Saulstraat en Barkerstraat;
- Verfraaiing in die dorp;
- Teer van die pad na die kompong;
- Don Burrelsaal te omskep in 'n veelvoedige sentrum;
- Diefwering aanbring by die Don Burrelsaal, asook sekuriteitswagte;
- Oprigting van 'n speelpark by Nuweland;
- Ablusie geriewe aanbring; en
- Toilet gerieweaanbring by die begraafplase.

Die hersiene GOP 2011/12 is deur die Raad goedgekeur op 28 April 2011 en is beskikbaar by alle Cederberg munisipale kantore en biblioteke, asook op die webtuiste cederbergmunicipality.co.za.

HOOGTEPUNTE VAN 2011

Burgemeester se gholfdag

Die Burgemeestergolfdag het plaasgevind op 25 November 2011. Spelers het van heinde en verre gekom om deel te neem. Alle opbrengste van hierdie dag gaan vir liefdadigheid en projekte binne die Cederberg. Die Raad wil alle donateurs, deelnemers asook die organiseerders van die dag bedank vir hul bydrae tot die sukses van die dag.

ATKV se Rieldansers

Tydens die ATKV se Rieldans – finaal wat op 3 Desember 2011 in die amfiteater van die Taalmonument in die Paarl het die land se beste rieldansers teen mekaar uitgespook.Die kinders van Betjiesfontein (Elizabethfontein Primer) het vir die derde keer in `n ry die trofee in die junior afdeling gewen. Ons is baie trots op ons eie stoftrappertjies.

Direkteur: Korporatiewe Dienste

Mnr Winston October is vanaf 1 Desember aangestel as Direkteur van Korporatiewe Dienste.

*Maak elke dag `n **Mandela Dag** –*

Gee van u tyd en bring `n verandering in andere se lewens

Die doel van Mandela Dag is om elke individi te inspireer om vir 67 minute `n weldaad te doen aan andere.

Raadslede en personeel van die Munisipaliteit het op Madiba Dag in elke dorp daarna gepoog om `n weldaad te doen om `n verandering in andere se lewens te bring.

Elandsbaai: Opgradering van `n huis

Madiba Dag: Clanwilliam

Clanwilliam: Versiering van die Kleuterskool te Khayalitsha

Madiba Dag: Elandsbaai

FEESGETY KONTAK NOMMERS / NOODNOMMERS

Dienste	Clanwilliam	Citrusdal	Lambertsbaai	Graafwater	Elandsbaai
Kantoor	**027 482 8000**	**022 921 2181**	**027 432 1112**	**027 422 1108**	**022 972 1745**
Water	082 889 8202	082 887 7283	078 306 8771	082 883 6826	082 889 8205
Elektrisiteit	082 907 9494	082 887 7281	082 936 7712	082 907 9494	082 936 7712
Riool	082 889 8202	082 887 7283	082 882 8038	082 883 6826	082 889 8205
Vullisverwydering	082 889 8204	082 886 5756	082 812 0208	082 883 6826	082 889 8205
Verkeer	027 482 8016	082 886 5690	027 482 8016	027 482 8016	027 482 8016
Brandweer	027 482 1775 /6	027 482 1775 /6	027 482 1775 /6	027 482 1775 /6	027 482 1775 /6

Jeugdagviering te Lambertsbaai

CEDERBERG

CEDERBERG MUNISIPALITEIT INFORMASIE

TELEFOON	**(027) 482 8000**
FAKS	(027) 482 1933
POSADRES	Privaatsak X2, Clanwilliam, 8135
STRAATADRES	2A Voortrekkerstraat, Clanwilliam, 8135
WEBTUISTE	**www.cederbergmunicipality.co.za**

HOE OM TE REGISTREER VIR DIE MUNISIPALE SMS – DIENS

SMS u selfoonnommer , voorletter en van asook dorp na **076 014 6903** of kontak Pat Horne by **027 482 8053** / epos: **petronellah@cederbergraad.co.za**